

Graad 3



'n Grootboek met kort stories



basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Boek

3

AFRIKAANS



Stories in hierdie boek:



1

Mandu se geheime dagboek

1



2

Brompot se dagboek

7

Hoe om hierdie Grootboek te gebruik:

U as onderwyser moet u voorberei om hierdie Grootboek tydens 'n gedeelde leesaktiwiteit aan die leerders bekend te stel. Gewoonlik werk die onderwyser tydens sulke aktiwiteite met die hele klas, maar indien u klas te groot is, behoort u eerder met 'n groep of 'n deel van die klas te werk. Maak seker dat al die leerders die Grootboek kan sien, sodat hulle die teks self sal kan lees. Tydens gedeelde leessessies leer die leerders hoe om:

- 'n boek te hanteer
- 'n boek vas te hou
- die bladsye om te blaai

Daarby word basiese begrippe - omslag, voorkant, agterkant en titel - vasgelê.

Die leesproses word ook gemodelleer, en die vaardighede wat die KABV voorskryf, word ontwikkel. Dit behels die volgende:

- die ontwikkeling van luister- en praatvaardighede
- die ontwikkeling van ontluikende leesvaardighede
- die ontwikkeling van dink- en redeneervaardighede deur die beantwoording van vrae oor die storie
- die ontwikkeling van skryfvaardighede deurdat gedeelde lees tot gedeelde skryf lei

Voorbereiding vir 'n gedeelde leessessie

- Maak seker dat al die leerders die boek kan sien. Indien u klas groot is, werk eerder met 'n kleiner groepie.
- Maak indien moontlik 'n boekstander, sodat u die boek nie hoef vas te hou terwyl u lees nie. (Kyk instruksies op die agterste buite-omslag.)
- Hou 'n liniaal of wyser byderhand, sodat woorde tydens lees gevolg sal kan word.
- Plak plakkertjies by woorde wat u wil uitlig, of gebruik 'n "towervenster". (Gebruik 'n reghoekige stuk papier en knip 'n kleiner reghoek in die middel uit om 'n raam te vorm. Plaas dit tydens die leessessie oor die teks sodat slegs een woord sigbaar is.)

Die eerste gedeelde leessessie

Die eerste sessie fokus op genot en 'n eerste "kyk" na die teks, terwyl die leerders 'n persoonlike reaksie op die teks toon.

- Blaai die storie wat gelees gaan word deur. Praat oor die illustrasies.
- Vra leerders om die storie op grond van die titel en die prente te voorspel.
- Stel nuwe of moeilike woorde bekend voordat die storie gelees word.
- Gebruik woordkaarte om nuwe woorde bekend te stel.
- Maak seker dat u gevoelvol lees, en varieer u stemtoon en tempo.
- Gebruik ook verskillende gebare en gesigsuitdrukkings.
- Gebruik 'n wyser of liniaal om woorde uit te wys terwyl u lees, sodat die leerders sien waar gelees word en die klanke met die simbole op die bladsy vereenselwig. Dit sal hulle ook help om die leesproses van links na regs en van bo na onder waar te neem.
- Stel boekterme soos "woord", "sin", "bladsy", "outeur", "titel" ensovoorts bekend.
- Moedig leerders aan om aan die storie deel te neem deur sekere frases hardop saam te sê (bv. "Hardloop maar so vinnig jy kan. Jy sal my nie vang nie, want ek's die gemmerbroodman!").

Die tweede gedeelde leessessie

- Verskuif die fokus na groter leesbetrokkenheid saam met die onderwyser en na die besprekings wat plaasvind.
- Bevorder woordeskat, begrip, dekoderingsvaardighede en teksstrukture (taal, leestekens, ensovoorts).
- Stel die kenmerke van die spesifieke teks (toneelstuk, liefiksie, fiksie, gedig) aan die leerders bekend.

Die derde gedeelde leessessie

- Die leerders behoort die teks nou self te lees en by mondelinge, praktiese en geskrewe aktiwiteite wat op die teks gebaseer is, betrokke te raak.
- Waar moontlik behoort die gedeelde lees te lei tot gedeelde skryf, waarby u modelleer hoe om teks te skryf en die leerders dit dan probeer doen, terwyl u as fasiliteerder optree. Hierdie modellering van die skryfproses berei die leerders voor om hulle eie skryftake aan te pak.



Mandu hou daarvan om elke dag in haar dagboek te skryf. Elke dag skryf sy wat sy daardie dag gedoen het. Sy skryf ook haar geheime neer, wat sy nie wil hê enigiemand anders moet sien nie.

Sy weet dat sy 'n goeie wegsteekplek vir haar dagboek nodig het. Sy kyk in haar slaapkamer rond en wonder waar sy dit kan wegsteek, sodat niemand dit sal kry nie. Uiteindelik besluit sy om dit onder haar bed weg te steek.

Een middag, toe Mandu en haar maat Anita van die skool af terugkom, kry Mandu haar dagboek oop op die vloer in haar kamer. "Kyk Anita! Iemand het my dagboek gelees!" gil sy.

"Moenie bekommerd wees nie," troos Anita haar.

"Soek net 'n beter plek om dit weg te steek."



Hulle kyk na die dagboek. "Kyk net hierdie vuil merke," sê Anita. "Dit is 'n goeie leidraad."

"Ek wed jou dis my boetie Ndi," sê Mandu. "Sy hande is altyd vuil." Maar toe onthou sy dat haar boetie net vyf jaar oud is en nog nie kan lees nie.

Net toe kry Mandu 'n blonde haar tussen die dagboek se bladsye. "Dit is 'n belangrike leidraad," sê sy. "Iemand met blonde hare moes my dagboek gelees het. Maar almal in my gesin het swart hare. Wie kon dit gewees het?" vra sy, terwyl sy agterdogtig na Anita se blonde hare kyk.

Die twee meisies besluit om 'n lokval te stel. Mandu sit haar dagboek onder haar bed terug. Sy sprinkel 'n bietjie meel op die vloer langs haar bed.

Enigiemand wat naby haar dagboek kom, sal nou voetspore in die meel laat. Die meisies verlaat die kamer, kruip om die hoek weg en wag!

Skielik hoor hulle krapgeluide uit die slaapkamer. Hulle hardloop terug om te kyk wie dit is. En wat kry hulle?

Die vloer is vol melerige voetspore. En daar is die skuldige! Zola, Mandu se hond, wat lang, wit hare het, is besig om met die dagboek te speel!



Die meisies kan skaars hulle oë glo. Zola was die leser van die dagboek!

“Volgende keer sal jy ’n baie beter plek moet soek om jou dagboek weg te steek,” lag Anita, terwyl sy haar vingers deur haar blonde hare trek.

(Aangepas uit JNA-vraestel 2012)




Laat ek net eers iets sê oor wie ek is ...

My naam is Johnny Twala, maar my maats noem my Brompt. Ek hou daarvan om 'n dagboek by te hou. Ek probeer om elke dag 'n stukkie te skryf. Dit help my om te onthou wie ek is en wat ek elke dag doen. Dit help my ook om party van my probleme uit te sorteer.

Wie is ek? Ek is 'n vriendelike 9-jarige seun. Ek woon in 'n informele nedersetting saam met my ma en my pa. Ek het ook 'n over suster, Dora, wat 12 en taamlik baasspelerig is, en 'n driejarige boetie wat baie ondeund is.

Hoe sou ek myself beskryf? Ek is korter as al my maats, en ek dra 'n bril. Partykeer is dit 'n probleem, want kinders dink ek is 'n bleeksiel en terg my, maar wanneer hulle my leer ken, hou hulle altyd van my. Soms lag hulle vir my en dink ek is snaaks. As jy my dagboek lees, sal jy sien wat ek bedoel.

Al woon ek in 'n nedersetting, gaan ek skool in die stad. Ek het baie maats en hulle is allerhande groottes en kleure. Ons het baie pret. My beste maats is Jabu, Okkie, Estie en Shaun. Ek hou ook baie van Mary, maar ek probeer om dit weg te steek.



Maand: Oktober

Maandag 3 Oktober

Vandag is ek terug skool toe ná my aksiebelaaide vakansie. (Ons het weggegaan, ek het van 'n perd afgeval, ek het nie aan die skool gedink nie!)


Dit was lekker om weer vir Jabu, Okkie en Shaun te sien. My probleme het ná skool begin. Ons het 'n sokkeroefening gehad. Mnr. Botha, die afrigter, het my aangesê om na die doelhok te mik en die bal te skop.



Ek sien toe dat Mary my van die kantlyn af dophou. Ek weet nie wat my besiel het nie, maar ek slaan bollemakiesie en probeer haar toe beïndruk deur op my hande te staan. Toe skop ek die bal baie hard. Die bal vlieg soos 'n pyl uit 'n boog en ek val plat op die naat van my rug.



Die bal vlieg eers reguit in die lug op, maar kom toe vinnig weer af en gee my 'n bloedneus. Ek het sowaar simpel gevoel. Ek was daarna ook nogal brommerig.



Vrydag 7 Oktober

Vandag was nog 'n rampspoedige dag. My ma het ons verbied om ooit in die rivier te gaan swem. Dit was vanoggend egter baie warm, en toe besluit ek en Okkie om 'n kans te waag. Ons trek toe vinnig uit en laat ons klere op die klippe langs die rivier lê. Toe baljaar ons heerlik in die rivier. Dit was groot pret, en die tyd het verbygevlieg.

Veel later, toe die son begin sak, klim ons uit en begin na ons klere soek. Ons kry dit toe glad nie, al het ons oral gesoek. Ek sien toe hoe 'n bok met my kortbroek in sy bek wegghol. Die bokke moes ons klere opgevrete het! Al wat ons toe kon doen, was om onself so goed moontlik te bedek en huis toe te nael. My ma was woedend! Ek is vir 'n week gehok. Ek voel nogal brommerig oor die hele storie.



Maandag 10 Oktober

Vanaand voel ek alweer brommerig. Gister het ek in ons skoolkonsert opgetree. Ek moes die rol van die wolf in die storie van "Die Sewe Bokkies" speel. Toe ek op die verhoog verskyn, kon ek skielik glad nie my woorde onthou nie. Ek het dit drie weke lank geoefen, maar op daardie oomblik was my kop dolleeg! Hulle noem dit glo plankevrees. Selfs my bene was lam!

Ek probeer toe sê, "Kinders, laat my inkom, ek het vir julle iets te ete gebring". My stem is egter skoonveld! Ek stotter, "K-k-kinders ... ek ... vir julle ... eet". My juffrou probeer my voorsê, maar die woorde wil net nie kom nie. En om te dink my hele gesin was in die gehoor! Ek strompel toe maar van die verhoog af, maar met die masker aan kon ek nie lekker sien nie, toe stamp ek die bokke se huisie om. Wat 'n nagmerrie!



Woensdag 12 Oktober

Vandag het ons eksamen in Afrikaans geskryf. Dit was die JNA-eksamen wat kinders oral in Suid-Afrika skryf. Ek was baie senuweeagtig en my mond was kurkdroog. Versigtig haal ek toe my bottel vrugtesap uit terwyl ek asem ophou dat ons juffrou dit nie sien nie. Op daardie oomblik kyk sy toe vir my! Ek skrik so groot dat ek die bottel omstamp. Die sap loop eers oor my eksamenantwoordboek en toe oor Okkie s'n.

Ons juffrou stuur my toe na die skoolhoof se kantoor toe en hy bel natuurlik my ma. Ek is alweer in die moeilikheid. Ek voel nie gelukkig nie. Ek voel eintlik heel brommerig.




Maand: November

Woensdag 2 November

Vandag het ek saam met Shaun en Okkie by die skaatsplankbaan gaan skaats. Shaun en Okkie het soos akrobate oor die hobbels en oprybane gevlieg. Ek het ook probeer, maar val toe plat op my gesig. Terwyl ek opstaan en myself afstof, kom Dora, my 12-jarige suster, daar aan. Sy sê vir my ek moet huis toe gaan, my ma soek my.

Sy neem toe my valhelm. Binne sekondes skaats sy in 'n halfpyp en doen sy 'n 360°-opskiet! Hoekom vaar meisies altyd in alles goed? Later skaats sy op my skaatsplank huis toe, terwyl ek agter haar aandraf en probeer byhou. Ma skree toe op my, omdat ek nie my valhelm ophet nie. Ek kon haar net nie laat verstaan dat Dora my helm by my afgeneem het nie. Partykeer verstaan grootmense niks nie!



Sondag 21 November

Vandag moes ons by my ouma middagete gaan eet. Dit was lekker om my neefs en niggies weer te sien, maar ongelukkig was daar ook 'n hele klomp van my tannies.

"Kyk hoe oulik is Johnny!" merk die een op asof ek nie kan hoor nie.

"Kyk hoe groot het jy geword. Jy is nou 'n groot seun!"

"Is jy al in Graad 3? Wanneer het jy so mooi groot geword?"

Tannie Zanele gee vir my 'n trui wat sy spesiaal vir my gebrei het. Ek besef dat sy dit uit liefde gedoen het, maar sy het blykbaar gedink ek is vyf jaar oud.

"Baie dankie, tannie. Ek wou nog altyd 'n geel trui gehad het," sê ek beleefd. Partykeer verstaan grootmense niks nie.




Maand: November

Vrydag 26 November

Gisteraand het ek by Okkie gaan oorslaap. Toe ek vas aan die slaap was, het Okkie my wakker gemaak omdat hy 'n geluid in die kas gehoor het. Hy was bang dis 'n monster. Ons was doodbang. Ons skraap toe al ons moed bymekaar en lig 'n flitslig in die kas in. Daar sien ons 'n vreesaanjaende gesig: twee heldergeel oë! Skielik spring iets uit die kas uit. Ons gil omdat ons dink dat dit 'n monster is. Dit was toe net Okkie se kat, maar ek kon glad nie weer slaap nie.

Vandag het ek in die klas aan die slaap geraak. My juffrou het gesê sy gaan my ma bel ingeval ek siek is. Ek sê toe vir haar dat ek nie gisteraand genoeg geslaap het nie, maar sy bel in elk geval my ma.

Partykeer verstaan grootmense niks nie.



Dinsdag 29 November

Vandag was dit ons juffrou se verjaarsdag. My ma gee toe vir my 'n bos pienk rose wat ek vir haar moet neem. "Ek kan nie blomme saam met my op die bus neem nie," dink ek. "Wat sal die ander ouens van my dink?"


Op pad bushalte toe kry ek 'n blink plan. Ek steek die blomme toe in my skooltas weg. Ek sorg toe dat ek eerste in die klas is, sodat niemand die pienk rose sal sien nie.

"Goeiemôre en veels geluk, Juffrou," sê ek. Ek haal die blomme uit my skooltas uit, maar hulle was platgedruk en die stele was geknak.

"O, dankie, Johnny," antwoord sy.

Partykeer moet grootmense ook voorgee.





Dit is vir ons aangenaam om u aan die reeks Grootboeke bekend te stel. Hierdie Grootboek vorm deel van die groter Reënboogreeks, wat werkboeke, 'n bloemlesing, gegradeerde leesboeke en plakkate insluit. Ons hoop dat u die verskeidenheid stories wat by die agt Grootboeke vir hierdie graad ingesluit is, in u onderrig van waarde sal vind, en dat u leerders hulle gedeelde leeservaring sal geniet.

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir die Grondslagfase lig gedeelde lees as een van die belangrike komponente van die leesstrategie uit. Gedeelde lees vind gewoonlik twee tot vier dae per week plaas, en al die leerders lees dieselfde teks. Die Grootboeke en die gegradeerde leesboeke is vir hierdie doel geskik.

Die gebruik van 'n Grootboek met groot druk is egter uitstekend vir die doel van gedeelde lees, omdat die leerders die woorde en prente kan sien en die storie kan volg terwyl u lees, soos by tradisionele storievertelling. Dit is belangrik dat die leerders om die Grootboek moet sit, sodat hulle dit almal kan sien en die teks kan lees. Die groot druk van die Grootboeke maak dit vir u moontlik om hardop vir 'n groepie leerders in 'n ontspanne, nie-bedreigende atmosfeer voor te lees.

Die Grootboeke in hierdie reeks sal u leerders aan 'n verskeidenheid stories, rympies/gedigte en toneelstukke bekendstel, asook aan inligtings- en grafiese tekste.

Dit is u taak as onderwyser om die stories vir die leerders te laat lê en om die ervaring prettig en opwindend te maak. Die gebruik van die Grootboeke sal u in staat stel om die leeservaring te modelleer op 'n wyse wat sowel u as u leerders sal geniet. Ons hoop dat hierdie boek u sal help om juis dit te doen.



Maak u eie Grootboekstander

U benodig:

1. Karton van dieselfde breedte as 'n oop Grootboek (60 cm breed) en drie keer die lengte plus 10 cm vir 'n soom (136 cm)
2. Maskeerband
3. Twee knypers of pennetjies



- Vou 'n 10 cm-soom aan die bokant van die karton.
- Verdeel die lengte van die oorblywende karton in drie gelyke dele.
- Vou die karton in die vorm van 'n A-raam, sodat die soom met die ander punt van die karton oorsleuel.
- Plak die soom met maskeerband aan die ander punt van die karton vas soos in die illustrasie hieronder getoon.



Ander idees vir die gebruik van 'n Grootboek

- Gebruik 'n vel deursigtige plastiek as oorlegsels vir u Grootboek, sodat u en die leerders daarop kan skryf.
- Klem die deursigtige oorlegsels met 'n knyper aan die Grootboek vas.
- Gebruik 'n watergebaseerde pen met wasbare ink om op die oorlegsels te skryf.

ISBN 978-1-4315-2787-8



9 781431 527878



ISBN 978-1-4315-2787-8

THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street, Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
First edition 2016

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked, the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

The Big Books in this series are available in all languages. They were developed by a team of UNISA Language and Education experts as part of their Community Engagement contribution to South Africa's education sector.

Author: V McKay

